NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)

3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.

6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2018

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. **BEPLANNING** *(Vir paragrawe en ander skryftake)*

   Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   3.1 Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.

   3.2 *Jou beplanning in hierdie afdeling word* ***nié bepunt nie*** *– dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

   **VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |
|  |  |


4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.

5. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.


IEB Copyright © 2018

**HOOPVOL –** *Derick van der Walt*

Daar is vier vrae oor *HOOPVOL.* Beantwoord al vier hierdie vrae.




[Tafelberg Uitgewers 2012]



[Aanlynsoektog: *Bing images*]

**VRAAG 1**

**Die treinspore op die stofomslag van die roman, *Hoopvol*, simboliseer een van die hooftemas in die boek: *'n karakter op reis na 'n nuwe begin.***

**TEMA: 'n Nuwe begin vir die mense op die dorpie, Hoopvol.**

Lees die onderstaande uittreksels en voer dan die opdragte uit.

1.1

> "Mietie sê alles oor dié town," sê Liefie en strek haar lang bruin bene voor haar in die sonnetjie uit. "I mean to say, Nathalie …
>
> Die hoop beskaam nie op Hoopvol nie. Alles wat die Nuwe Suid-Afrika beloof, is nog nie by ou Mietie se voordeur afgelaai nie, maar sy dink dit kom nog. Wag maar net."

[bl. 21]

*Liefie het gedink dat daar vir mense soos Mietie nog steeds nie 'n nuwe begin ná 1994 in die Nuwe Suid-Afrika gekom het nie.*

1.1.1 Hoekom het Liefie die mense soos Mietie se lewens as hopeloos gesien? (1)

1.1.2 Liefie het jare later 'n nuwe begin by die Rose and Crown hotel gemaak. Noem twee veranderinge wat Liefie by die hotel gemaak het. (2)

1.2

> "Sal jy weer ... Ek bedoel ... drugs?" vra sy na 'n ruk.
>
> "Maklik. Iemand moet net sê: Hoe lyk dit, Bob? Sien jy daai bridge over troubled water? Dan sê ek: Vir seker, vat my saam."
>
> Hy kyk na haar. "Maar ek dink nie dis meer die ding vir my nie."

[bl. 111]

*Bobby se nuwe begin was 'n lewe sonder dwelms, maar hy het erken dat dit nie maklik sou wees nie.*

1.2.1 Hoekom, dink Bobby, is dwelms nie meer die ding vir hom nie? (1)

1.2.2 Gee 'n bewys dat Nathalie later aan hom getwyfel het en nie regtig geglo het dat hy dwelms gelos het nie. (1)

1.3

> Die ander lag, behalwe die polisieman, wat verstom na Ben staar. Hoekom kyk almal hom altyd aan asof hy 'n sirkus-freak is? Hy skud ongemaklik die tannie se hand.
>
> "Jy lyk baie na jou ma," sê die oom sag. "Jy't jou pa se gesig en bou, maar ek sien eintlik jou ma." Daar is 'n vreemde trek op die oom se gesig. Hy byt sy lip vas.

[bl. 222]

*Toe Nathalie Hoopvol verlaat het, het sy vir Sakkie met 'n gebroke hart gelos. Tog het Sakkie ook jare later 'n nuwe begin in sy lewe op Hoopvol gemaak.*

1.3.1 Gee een voorbeeld van Sakkie se nuwe lewe op Hoopvol. (1)

1.3.2 Sakkie het Nathalie vergewe nadat sy vir Bobby gekies het. Noem een voorbeeld wat hierdie stelling bewys. (1)

**TEMA: 'n Nuwe begin vir Ben**

1.4

> *Agterna was hy verstom dat hy so blindelings met sy ma se groen handsak op die trein geklim het sonder om vir iemand te sê. Maar hy onthou dat hy toe heeltemal seker was. In Johannesburg het daar vir hom niks oorgebly nie.*

[bl. 7]

*Ben het besluit om sy pa te gaan soek en so 'n nuwe begin te maak.*

Noem een van die bruikbare items in die handsak en sê ook waarvoor Ben dié item gedurende sy soektog gebruik het. (2)

IEB Copyright © 2018

1.5

> Hy het nou genoeg gesoek. Dis nou finish en klaar. Môre koop hy 'n buskaartjie terug Johannesburg toe. Hy het nie 'n pa nie en hy sal regkom, thank you very much.
>
> Hy onthou die scruffy kroegie aan die oorkant van die pad wat hy deur die taxi se venster gesien het toe hy vanmiddag hierheen gekom het.
>
> Hy draai om en steek die straat oor.

[bl. 149]

*Net toe Ben finaal sy soektog na sy pa wou beëindig, het hy nuwe inligting en nuwe hoop in 'n kroeg in Bloemfontein gekry.*

1.5.1 By wie het Ben hierdie inligting gekry? (1)

1.5.2 Watter bewys het Ben by die mense in die kroeg gekry dat sy pa sy ma nooit vergeet het nie? (1)

1.6

> "Toe hy hier aangekom het, het hy soos jy niks van skaapboerdery geweet nie. Maar hy het gou die ou, geharde manne ore aangesit. Hy't so omtrent 'n jaar hier by ons en op ander plase in die omgewing gewerk, waar 'n boer ook al 'n hand nodig gehad het."

[bl. 216]

*Bobby het 'n kans gekry om vir die tweede keer 'n begin op Hoopvol te maak, toe hy werk op sy ou vriend, Frans, se plaas gekry het.*

1.6.1 In watter aspek van die plaaswerk was Bobby baie goed? (1)

1.6.2 Watter bewys was daar in oom Frans se studeerkamer dat Bobby baie goed in daardie aspek van die plaaswerk was? (1)

1.7 *Die treinspore het vir beide Ben en Bobby op Hoopvol begin en op Hoopvol geëindig.*

Jy hoef nie die tabel oor te teken in jou Antwoordboek nie.

Skryf net die nommer van die vraag en jou antwoord neer.

| | **HOOPVOL** ⟷ | **HOOPVOL** |
|---|---|---|
| **Bobby** | **Begin op Hoopvol:** *'n Nuwe lewe ná Noupoort.* | **Einde op Hoopvol:**<br>1.7.1 By watter finale rusplek eindig Bobby se reis? |
| **Ben** | **Begin op Hoopvol:** *Nathalie raak swanger met Ben.* | **Einde op Hoopvol:**<br>1.7.2 Wat is die naam van die plaas waar Ben se reis eindig? |

(2)

**[15]**

## VRAAG 2

**TEMA: Ben maak vrede met die spoke van die verlede.**

2.1 Alhoewel Ben nie veel van sy ma se verlede geweet het nie, het hy verstaan dat sekere items, soos **die klip in sy ma se handsak** en **die foto in die huis in Winnie Mandela-straat**, vir sy ma belangrik was.

Gebruik die onderstaande diagram en skryf **een paragraaf** oor **hoe Ben vrede maak met sy onbeantwoorde vrae uit sy ma se verlede**.

Jou paragraaf van tussen **80 en 120 woorde** moet die volgende feite insluit:

**Ben maak vrede met die verlede**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Verduidelik waar Bobby die klip opgetel het en wat daarna met die klip gebeur het, totdat dit in sy ma se handsak beland het. | (3) |
| 2. | Waar het die klip 'n finale rusplek gekry? | (1) |
| 3. | Waar is die foto geneem wat Ben in die huis in Winnie Mandela-straat gevind het? | (1) |
| 4. | Hoekom, dink jy, was dit vir Nathalie so belangrik om daardie dag 'n foto van hulle almal te laat neem? | (1) |
| 5. | Hoekom, dink jy, is hierdie foto vir Ben so belangrik? | (1) |
| 6. | Wat het Ben op die ou end met die foto gedoen? | (1) |

2.2 Die polisie ondervra Ben oor die aand van die brand.

Vul die onderstaande polisieverslag in.

Skryf net die **nommer van die vraag** en **Ben se feite langsaan in jou Antwoordboek neer**.

| POLISIEVERSLAG VAN BRAND IN MAYFAIR | | |
|---|---|---|
| 2.2.1 | ***Die volle name van die persone wat in die brand dood is:*** ............................................................ | (2) |
| 2.2.2 | ***Die oorsaak van die brand:*** ............................................................ | (1) |
| 2.2.3 | ***Waar Ben de Koker gedurende die brand was en hoekom hy daar was:*** ............................................................ | (2) |
| 2.2.4 | ***Watter taak Ben de Koker se ma vir hom daardie aand voor die brand gegee het en waarom Ben de Koker se ma dit nie self kon doen nie:*** ............................................................ | (2) |

**[15]**

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag in jou **Antwoordboek**.

Skryf slegs **die vraagnommer** en **Ben se antwoorde** neer.

**TEMA: Tannie Nonnie en Ben gesels oor hoe Ben al hoe meer tuis op die plaas begin voel.**

**Opdrag:**

Voltooi die volgende gesprek tussen tannie Nonnie en Ben. Skryf slegs Ben se woorde neer.

Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

3.1 Tannie Nonnie: Jy het nou vir Helena beter leer ken. Om watter rede, dink jy, is sy so kompeterend?

Ben: ______________________________ (1)

3.2 Tannie Nonnie: Wat het Helena jou op die plaas leer doen?

Ben: ______________________________ (1)

3.3 Tannie Nonnie: Jy het haar ook 'n paar keer 'n les geleer.

Verduidelik hoe jy dit reggekry het om haar met die PlayStation-speletjie te wen.

Ben: ______________________________ (2)

3.4 Tannie Nonnie: Gee twee redes wat jou laat dink dat Helena jou op die plaas aanvaar het.

Ben: ______________________________ (2)

3.5 Tannie Nonnie: Ek het jou briefie gekry oor die gastehuis.

Hoekom het jy die naam, *Bonalie*, vir die gastehuis gegee?

Ben: ______________________________ (1)

3.6 Tannie Nonnie: Oom Frans het gesê dat jy met jou pa by sy graf gaan praat het om vrede in jou hart te kry.

Noem twee dinge waaroor jy gepraat het.

Ben: ______________________________ (2)

3.7 Tannie Nonnie: Waarom was jy so gelukkig toe jy uitgevind het wat jou pa se volle name was?

Ben: ______________________________ (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2018

**VRAAG 4**

***Agter die stil, tragiese beeld van juffrou September, was daar 'n sterk, bevryde vrou, wat uiteindelik haar kans op geluk in die lewe aangegryp het.***

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van tussen **250 en 350 woorde** oor **die verskillende kante van juffrou September se komplekse karakter wat na vore kom in haar verhoudings met ander**.

---

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Volg die pyltjies vir die volgorde van die paragrawe.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê. Hierdie paragrawe moet nie te lank wees nie.
- **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf (bv. 295 woorde).**

---

**1. Juffrou September se verhouding met Nathalie:**

- Gee twee bewyse dat juffrou September Nathalie se geselskap geniet het terwyl Nathalie in Sherelene se plek uitgehelp het. (2)
- Hoe het juffrou September vir Nathalie gehelp toe Nathalie vir Bobby in Beaufort-Wes wou gaan soek? (2)
- Watter belangrike liefdesraad het juffrou September vir Nathalie gegee toe sy vir Bobby gaan soek het? (1)

**2. Juffrou September se verhouding met die dorpsmense:**

- Hoe is juffrou September se posisie as burgemeester 'n teken van verandering en transformasie in die Nuwe Suid-Afrika? Gee twee feite. (2)
- Sommige dorpsmense dink dat juffrou September, as burgemeester, nie goed genoeg is nie. Watter kritiek het hulle teen haar gehad? (1)
- Watter tipe verhouding wou tannie Lettie met juffrou September hê en waarom, dink jy, wou sy dit hê? (2)

IEB Copyright © 2018

**3. Juffrou September se verhouding met pastoor Chalmers:**

- Pastoor Chalmers het vir Nathalie 'n storie van klein Leatitia, die jong politieke aktivis, vertel. Wat is hierdie storie en hoe het Leatitia, as kind, deure vir ander oopgemaak? (2)
- Hoekom het Nathalie vir pastoor Chalmers van die mat in juffrou September se kantoor vertel? (1)
- Hoe het Nathalie uitgevind dat pastoor Chalmers die "paddaprins" in juffrou September se lewe was? (2)
- Wat laat jou dink dat pastoor Chalmers en juffrou September se liefdesverhaal 'n gelukkige einde gehad het? (1)

**Assessering:** 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)

**[20]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2018

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy beantwoord word.

3. Beplan jou skryftake voordat jy dit neerskryf.

   3.1 Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.

   3.2 *Jou beplanning in hierdie afdeling word* ***nié bepunt nie*** *– dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

   **VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |
|  |  |

4. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag neer.

   **LET WEL:**

   Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik
   - beplanning

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 5 BLOGINSKRYWING




[Aanlynsoektog: *Bing images*]

**Situasie:** Jy het aan die begin van jou matriekjaar begin met 'n blog oor *hoe om die matriekjaar se uitdagings en probleme te hanteer.*

**Opdrag:**

Skryf nou 'n bloginskrywing oor **eksamenstres**.

**In jou bloginskrywing moet jy oor die volgende skryf:**

- Ten minste twee simptome van eksamenstres voor en gedurende die eksamen.
- Ten minste twee maniere hoe 'n mens eksamenstres kan hanteer en minder maak.
- Hoe jou familie jou gedurende die eksamentyd met jou eksamenstres kan help.

**Instruksies:**


1. Verdeel jou **paragrawe** volgens die **bostaande indeling**.
2. Jou bloginskrywing moet ook 'n **inleiding- en slotparagraaf** hê.
3. Beplan jou bloginskrywing voordat jy dit neerskryf.
4. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou bloginskrywing neer.

*Die inhoud van jou bloginskrywing moet tussen 150–250 woorde lank wees.*

**[30]**

IEB Copyright © 2018

**VRAAG 6 E-POS**



[Aanlynsoektog: *Bing images*]

**Situasie:** Dit is tien jaar na matriek en julle graad het besluit om 'n reünie te reël. Jy het aangebied om met die reëlings te help. Een van jou take is om julle Afrikaansonderwyser/Afrikaansonderwyseres, met wie jy nog in kontak is, te nooi.

**Opdrag:**

**Skryf nou 'n kort e-pos aan die onderwyser of onderwyseres en noem die volgende:**

- Waarom julle graad 'n reünie wil hou.
- Waarom julle hom/haar wil uitnooi en wat hy/sy vir julle beteken het.
- Waar en wanneer die reünie sal plaasvind.

**Instruksies:**

1. Gebruik die **onderstaande struktuur vir jou e-pos**.
2. Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.
3. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.

*Die inhoud van jou e-pos moet tussen 60–120 woorde lank wees.*

Jy moet die volgende struktuur gebruik:

| | |
|---|---|
| **Aan** | |
| **Onderwerp** | |
| Liewe/Beste mnr./mev./juf. ____________________ | |

**[10]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2018